Woensdag 23

**SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 1:18-25**
**FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 1:20(B)**

## Maria, Jesus se moeder

Die Bybel vertel nie vir ons van Josef en Maria sodat ons meer van húlle kan weet nie, maar sodat ons God en sy wonderlike genade en liefde beter kan leer ken. In vers 20 word die werkwoord *verwek* gebruik. In die Grieks klink die woord vir *verwek*, *bevrug word*, *die vader is van* baie dieselfde as *gene* – waaruit ons woord *geneties* afgelei is. Hierdie woord word herhalend in Matteus 1 in die geslagsregister van Jesus gebruik. "Abraham *was die vader van* Isak", ensovoorts.

Daarmee leer die Here ons: Die gene van Abraham is in Isak. Dit is op Isak oorgedra langs 'n natuurlike proses van bevrugting en voortplanting. Abraham het vir Isak verwek. As Matteus in vers 16 by Josef kom, sê hy egter: "Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word." Daar staan nie *Josef is die vader van Jesus* nie, want Josef is *nie* die genetiese, biologiese vader van Jesus nie. Jesus is nie deur Josef *verwek* nie.

Nee, die Heilige Gees het hierdie Kind in Maria *verwek*. Dít is 'n wonderwerk. Die ewige God wat die hemel en die aarde in die begin geskep het, kom werk in 'n gewone mens, Maria. Hy word die Vader van 'n Kind wat uit 'n mens gebore word. As 'n mens dit op 'n mensvormige manier kan sê: Hy dra sy gene oor op Jesus – sy "goddelike gene". Daarom is hierdie Kind wat gebore word, *volledig God*.

Sy biologiese moeder, Maria is 'n mens, en daarom is Hy ook 'n mens. Sy genetiese Vader, die Heilige Gees, is God, en daarom is Hy ook God. Enersyds is Christus met sy geboorte verneder. Hy is uit 'n gewone, sondige mens gebore. Andersyds is Christus verhoog, want Hy is uit Maria as God gebore. Ons kan dít glad nie verstaan nie. Ons moet dit net glo.

Ons put daagliks troos uit dié waarheid wat die Heidelbergse Kategismus Sondag 14, vraag 36, verwoord: "Watter nut verkry jy deur die heilige ontvangenis en geboorte van Christus? *Antwoord*: Dat Hy ons Middelaar is, en met sy onskuld en volkome heiligheid my sonde waarin ek ontvang en gebore is, voor God bedek."

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2*

*Dr. AH (André) Grové (Emeritus)*